

**Skriflesing:** Esegïel 1Teks: **Esegïel 1:12,17, 17, 20-21.****Sing- SAMESANG-  
TYDENS EREDIENS-**

Dinge gebeur intens. Dinge gebeur wat mens nie altyd verstaan nie, maar broeder en suster, Esegïel sien ook dinge wat ons altyd sal troos. Verlede Sondag was ons by die roeping van Esegïel . Vêr van Israel, word die hemel vir hom oopgemaak, want het ons die skokkende gehoor dit kan gebeur dat die hemel togetrek word. Om aanmekaar uit te roep- *Die Here se tempel, die Here se tempel is dit...*in naïwiteit en selfbedrog bou mense hulle hoop daarop dat solank ons die tempel by ons het, dan het ons die Here by ons. Terwyl dit nie waar is nie. Die Here maak die hemel selfs bo-oor die tempel potdig toe en die Here verkies om Hom eerder aan Esegïel weg van Israel, vêr wag van die tempel te openbaar, want wat Esegïel 1 ons by uitbring is dat van God moet daar baie groter gedink word.

In hierdie heerlikheidsverskyning van vandag is daar drie geweldige grepe wat daar ook op jou en my gelê word. Ons onthou ons teks ook van verlede Sondag dat die Here het sy hand op Esegïel gesit- *die hand van die Here was daar op hom.* As die Here jou vat dan gebeur groot dinge. Dan besef jy weer iets van God se onbegryplikheid, Sy grootheid, maar ook hoe God ten volle in beheer is, want Hy regeer. Met dit in gedagte is ons drie hoofgedagtes dan dit wat eintlik die drie dinge is wat Esegïel ook aanskou. (1) Die lewende wesens – En dan (2) Die wiele binne die wiele. En dan laastens –(3) Die wa en sy troon.

**Die lewende wesens:**

Ons weet nie waarmee Esegïel presies besig was toe dit gebeur het nie. Ons het gehoor dit was moontlik sy verjaarsdag. Sy dertigste jaar waar hy daar aan die Kebarrivier was, dit wil lyk hy was alleen, of dalk was net sy vrou by hom. By die rivier kom daar skielik hoog bokant die rivier hierdie uitsonderlike wolk. Dit is nie maar 'n reënwolek nie, want die wind wat die wolk aandryf dui nie op 'n gewone stofstorm nie, maar op 'n vuurstorm. Niks staan stil nie.

In Esegïel sal dit ons dikwels tref. Die beweging en die impak van wanneer God dinge laat beweeg moet ons nie miskyk nie. Die wolk beweeg, vuur beweeg, bewegende wesens, bewegende wiele, die wa kan daarom nog minder iets wees wat stilstaan. In die middel van die wolk is iets geweldig blink en ja die beweging daarbinne is weerligstrale, wat onophoudelik sy bliksemlyk na buite skiet. Ons sien nie God maar net op 'n troon soos dikwels by van die ander profete soos Jesaja in sy roeping God gesien het nie. By Jesaja in Jes. 6 was God in sy tempel, op sy troon- vers 1 van Jesaja 6- Hy het die *Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon terwyl sy some die tempel gevul het.* Dieselfde God openbaar Homself vir Esegïel alles behalwe sittende, maar God is ook bewegende, vêr van die tempel, in die midde van 'n beweging, te midde van die windstorm wat 'n wolk die glans en beweging al nader trek.

\*\*\*

En dan word die heerlikheid so naby Esegïel gebring dat hy dit alles hier voor hom sien. Eerste sien hy die draers van die hele beweging. Vier wesens, lewende wesens, ons kan ook praat van gerubs, soos daar by Genesis 3 ook sulke gerubs was wat by die oostelike ingang van die tuin van Eden gestaan het *met die swaard wat vlam en flikker om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.* By Esegïel vlam dit, soos die weerlig slaan, hier flikker dit soos die wind dit dryf, maar Esegïel sien dit is eintlik 'n geweldige wa, die koninklike troonkoets van God wat nou uit die geopende hemel neerdaal na hom die profeet.

Hierdie geweldige troonwa en waar die wiele moet wees is nou die vier wesens. Direk langs die wesens is daar inderdaad ook wiele, maar eers gaan dit vir hom om hierdie wesens. Alles beweeg deurentyd en dit beweeg ook vinnig. En die getal *vier* is elke keer daar. Vier gerubs, elke kop dra vier gesigte, 'n mens, 'n leeu, 'n arend en bees- voorkoms. Hulle het vier hande, vier vlerke. En dit gaan na links na regs, na bo na onder, vooruit en agtertoe. Die geheel van die gerubs se bewegings mis geen van enige van die vier windrigtings nie, want dit weet ons die totaliteit van God se skepping staan altyd binne die vier rigtings- noord-suid, oos of wes. Dit sluit die hele skepping in.

God se heerlikheid is oor die hele aarde. Dit wys God aan Esegiël baie duidelik en baie gou. God regeer van see tot see, van rivier tot rivier, nie net tot die uithoeke van die aarde maar tot die uiterstes van die ruimte om ons en oor ons, in alles wat ons die heelal noem. God is daar! Sy koninklik mag trek oor alles, God is God, oral, soos wat Hy God is by die tempel, so is Hy ook God baie vêr van die tempel, selfs in Babel, hier waar Esegiël weggevoer in ballingskap verkeer. Weet dit en sê dit- *Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan*- Psalm 24 gebeur hier vóór Esegiël. Die volk van Esegiël moet ophou om te sê- *Die Here se tempel, die Here se tempel is dit!*...Daar uit die hart van die wolk wil God in die hart van Esegiël vir hom wys Hy wat God is se wonderbare heerlikheid.

God is nie maar net 'n kerk-God nie, ons kan God nie inperk en opsluit in terme van ons idees oor Hom nie. Die hele skeppingwyd bestaan in der waarheid uit twee fasette. Jy kry een kant die organiese lewe, die dinge wat asem het en leef, die mens, die kroon van sy skepping, maar ook is daar die makker diere, die beeld van die makgemaaktes is die bees, die diere wat die mens nie kon makmaak nie, is die leeu, die kroon uit die voëls is die arend. Hulle almal se gesigte, hulle is na vier kante, God is hulle almal se God, maar direk langs die wesens wat beweeg en wat lewe staan ook die nie-lewende lewe van ons tyd. Daar is wiele direk hier langs.

Die anorganiese lewe, die atome, wat so dood mag lyk, maar split hom dan is dit 'n bomwerk, as die lewende wesens dui op die asemgevuldes, dan is die wiele die nie-asem gevuldes, maar hulle beweeg net soveel, net so vinnig, net soos een stuk ratwerk van 'n geweldige groot masjien. God is die God van die maatskaplik organies politieke lewe, maar dieselfde God is God van die tegnologiese, atoom gelaaide, energiegedringde, besigheidsgepulde syfers, uitgewerke somme en wiskunde wat lyk na dooie yster, staal en syfers, rekenaars het robotte kon word, dit beweeg ook, dit is wiele binne die wiele, direk langs die beweging wat reeds so vol lewe was. Daarom is ons gesig saam met die lewende wese die van die wiele.

### **Die wiele binne die wiele:**

Ons het dikwels nodig om wakker geskud te word. Esegiël is aan sy kuifhare gepluk, om vir Esegiël te wys God se heilige wesens en sy troon is nie te heilig om nie ook aan die Kebarrivier te verskyn nie. Ons moet dit vandag nog besef, ons wat lewe, wat asem het, wat in aanskoue van die gerubs bereid moet wees om soos die gerubs ons skouers onder God se troon in skuif. God wil dat sy koninkryk en sy koningskap deur ons gedra en uitgedra sal word. Ons het die wiele daarvoor! Daar moet na alle rigtings gekyk en gewerk word van hoe kan ek God in sy koninkryk dien. Al is my omstandighede alles behalwe dit wat maklik en lekker is.

Moet ook nie godsdienstige hensoppers wees nie. In die tyd wat Esegiël hierdie geweldige gesig sien was 'n groot deel van die volk baie moedeloos. So erg dat ons lees die mense daar by hom het nie soos Esegiël hierdie geweldige gesig by die rivier gesien nie, maar hulle is by die rivier in Psalm 137- *By die riviere van Babel, daar het ons gesit, ook geween as ons aan*

*Sion dink. Aan die wilgerbome wat daarin is, het ons ons siters opgehang...Laat ons soos die gerubs en die wiele beweeg, laat ons ophou om staties, sittende, hangende, onself net jammer te kry- want van die gerubs lees ons- Die vier wesens het nie weggedraai as hulle gaan nie, hulle het elkeen reguit vorentoe gegaan (vv.9,12,17). Met weerlig spoed, reguit, reglynig, moet daar beweeg word, al moet ons ook deur die wiele van ons tyd beweeg.*

\*\*\*

Die eienaardige gebeur tog dat ons nie hier lees van hoe mense dink om alles te organiseer en selfs weer te reorganiseer en dat ek nou voortdurend met nuwe planne vir nuwe tye na vore moet kom nie. Dit bly heeltyd dieselfde wiele. Daar kom nie nuwe wiele by nie! Om heeltyd te herontwerp en te reorganiseer wat eintlik geen verbetering bring nie. Née, by die vier wesens is daar geen organisasie nie, maar tog is hulle, al het elkeen 'n wil en wiel van sy eie, dit bly heeltyd ordelik. Dit wat wonderlik is, is nooit wanordelik nie. Die reëlmaat word gelei deur die Gees van God, dit staan ook duidelik- *waar die gees ook heen wou gaan, het hulle gegaan; hulle het nie weggedraai as hulle gaan nie.*

Broeder en suster, is dit nie wat van kinders van die Here verwag word nie?! As jy met die regte saak besig is, jou rigting is reg, dan gaan jy daarmee reguit voort. Jy draai nie weg as jy moet gaan nie, jy moet ook nie ophou met dit waarmee jy besig is as dit waarlik jou roeping is nie. Gaan reguit en gaan voort, want die lewende wesens, ook die wiele, hulle beweging mag vir sommige onordelik lyk maar dit staan alles in verband met v.20-21. Eers word daar in die enkelvoud gepraat- *die gees van die wese was in die wiele*- daarna staan dit in die meervoud- *die gees van die wesens was in die wiele*. Dit gaan oor die Gees wat daar is. Die Gees van God, die Heilige Gees, het nie mense se slim planne en reorganisasies en allerhande opportunistiese menslik politieke idees en aspirasies nodig om te beweeg nie. God het 'n reguit, koersvaste ewige beleid en God sien alles, Hy is die Een wat oral is. Die oë in die vellings van daardie wiele was rondom en oral. Vers 18 staan- *hulle vellings by al vier was rondom vol oë.*

\*\*\*

Broeder en suster, hierdie dinge wat Esegïel sien, dit kan nie anders by ons as by hom om eintlik heeltyd 'n dubbele uitwerking op 'n mens te hê nie. Dit moet jou blymaak, maar terselfdertyd kan ek ook nie anders as om ook bang te wees nie. Bly maar tog bang, God is so in beheer, daar kan nie eers 'n haar uit my kop val nie en God weet dit, hoe bly moet ek wees dat God ook so in beheer van my lewe is, maar maak dit 'n mens nie ook bang nie?! Nou weet ek God weet alles van my, Hy sien my, Hy sien my van alle kante, daardie dinge wat ek dink om vir mense weg te steek, vir God kan ek dit nie wegsteek nie. Dit gaan om God se alomteenwoordigheid, maar terselfdertyd ook om God se alwetendheid.

Bly en bang is ons tegelyk, want die ewig bewegende, die altyd aktiewe heerskappy van God, dit wat hierdie troonwa op die einde in alles afbeeld, laat my besef God regeer oor heel my lewe, maar ook ek kan nie vir God wil wegkruip in my eie hoekie nie. Vir God bestaan die hoekies van die lewe nie. Niemand kan van die troonwa afspring nie, so min soos wat 'n mens uit homself van die aardbol kan afspring! So groot soos God se heerlikheid is, so 'n groot werklikheid is ook God se oordeel. Die engelse praat van "His judgment". Sy heerlikheid moet my kan bly maak, maar God se oordeel moet ek ook kan raaksien en vrees.

Esegïel is die een wat nou eintlik deur God afgesonder (uitgesonder) word om hierdie twee dinge, God se heerlikheid, maar ook God se oordeel in heel die wêreld raak te sien, want sal hyself dit ook in heel sy eie lewetjie moet verder dra. Soos die gerubs wat die troon van God in alles dra, getrou en ooreenkomstig die wiele, presies soos ook die wiele draai en die wiele doen dit niks minder getrou en buite orde as hoe die gerubs beweeg nie. Broeder en suster,

kom ons noem dan dit by die naam waaroor dit alles gaan. Esegiël 10 gaan weer na Esegiël 1 terugkom, want in ons laaste gedagte gaan dit per slot van sake om wat alles gedra is en waarom dit alles draai-

**Die platform en die troon-**

Mense sou dink gerubs mag net in die tempel wees, dit is hulle plek. Hier sien Esegiël hulle alles behalwe in die tempel, maar vêr van die tempel, by 'n kanaal, op 'n rivierwal. Daar sien hy die geweldige gesig, die blinkende vuur draende, blitsende troonwa. Ons moet beseef hoe dit eintlik in die lewe werk. As jy waarlik God bely, jy as lewende wese, dan sal die natuur ook God teenoor jou bely. Dan sal jy God se werke en heerlikheid in die natuur raaksien. Soos dit verder gebeur, wanneer jy God dien, dan gaan die natuur as't ware vir jou bedien. Dan draai die wiele wanneer die wese draai. Ons kan God van niks losmaak nie, aan wat God Homself aan verbind het nie. Daardie onlosmaaklike band tussen die gerubs en die wiele en al mag dit lyk daar is niks wat die wiele en die gerubs bind nie, is die Gees, ja God is die band tussen hulle. Dit gaan op die einde om meer as die troonwa, dit gaan om die Een wat bo dit alles is!

\*\*\*

Ons het van die geweldige gebeurtenis in Ysland gehoor, daar van alle plekke, daar is 'n wiel wat draai, dit lyk vir ons soos 'n wiel in 'n wiel, want skielik kan vliegtuie baie vêr vandaar se wiele nie draai nie. Die vulkaan-as wat uit Ysland beweeg, beweeg so vêr die hoogtes en die ruimtes in, dat mense baie vêr van Ysland nou nie behoorlik kan beweeg nie. Die lewe sal altyd iets van hierdie gekompliseerdheid saamdra. Dinge wat teen mekaar in gebeur. Dit lyk dit bots, daarom sê Esegiël dit lyk of dit 'n wiel in 'n wiel is, want in werklikheid is dit glad nie so nie. Dinge gebeur so vinnig dat ons geen begrip daarvan kan vorm nie, dan begin dinge vir ons te lyk na wat ons dink dit is, maar dan is dit eintlik glad nie so nie. Wanneer dinge so onverwags en so vinnig gebeur soos vanuit Ysland, die koue ys, gemeng met die warm lawa, die enkele stroom vulkaan-as skiet omhoog, dit bring eenvoudig iets katastrofies na vore, finansiële skades word bereken groter as die 11 September (2001?) ramp, waaroor die skynbare wiel binne daardie wiel nog ook nog glad nie kon ophou draai nie. Na daardie wiel word daar ook maar nog altyd weer teruggedraai.

\*\*\*

Maar broeder en suster, dit gaan nog altyd om die hoër dinge. Daardie vulkaan-as skiet omhoog, dit laat die wêreld baie vêr en wyd nie onaangeraak nie, maar ons moet beseef, soos Esegiël, dat hy moes opkyk hoër as die gerubs en die wiele, dit alles is maar net die draers van die troon van God. Waar God op sy troon is, sien hy eintlik die troon van onder. Die kristalvloer is soos 'n uitpansel oor die koppe van daardie vier wesens. Dit blink bokant hulle en dit is oor hulle uitgesprei (v.22). Dan hoor hy die stem van bo die uitpansel, want daarbo, bokant alles is die troon van God en Een op die troon wat lyk soos 'n mens maar Hy is tog anders. Die einde van v.26 staan- *...en op die troongestalte 'n gestalte wat soos 'n mens gelyk het.*

Broeder en suster, hoe belangrik is dit wat ons vandag hier sien gebeur. Toe die preek begin het, toe het dit gegaan oor die storm waarbinne die Here na Esegiël gekom het (v.4) en tog kan ons eindig by die troon van God (v.26). God wat die winde sy boodskappers maak, ook die weerligte en vuur, maar terselfdertyd is sy troon vas en stewig, die aarde die voetbank van sy voete. Die vaste krag maar ook die dinamiese beweging en vryheid is by God nie in spanning of in botsing nie. Waar God regeer, waar God op sy troon is, daar is beheer, daar is by God geen disharmonie nie.

Van die storm na die troon. Dit is die pad wat Jesus moes loop. Dit het om Jesus se lewe op aarde gestorm, daar was soveel om Hom gewikkel hoe mense Jesus in die storms van die

lewe ingetrek het. Jesus het van die storms nie teruggedeins nie. Soos die gerubs en wiele gemaak het, so het Hy ook gemaak. Hy het nie weggedraai toe Hy moes gaan nie. Dit tot verby die ergste wat daar kon wees. Die storm op Golgota, toe God se Seun daar gekruisig is. Die aarde bewe, die tempelgordyn skeur, dit word nag en tog word dit dag oor daardie graf wat die wêreld nie kon wegsteek nie. Jesus het uit daardie graf lewendig uitgegaan. Jesus het uit die storm oorgegaan na die troon.

Dit gebeur na sy opstanding. Mooi in hierdie tyd, ook waarin ons nou is, tussen opstanding en hemelvaart. Die hemelvaart is in wese die bestyging van dit alles waarmee Esegïël eindig. God se troon. Van die storm na die troon. En die mensefiguur wat Esegïël sien, maar wat ook nie net 'n mens is nie. Daar is in die middel van die mense-gestalte 'n sterk skeiding van boontoe en ondertoe. Van die bene af boontoe blink dit, dit is 'n glans van die mooiste metaal, vêr blinker as goud en silwer. En van die lende af ondertoe, ons kan ook sê die onderste helfte is dit weer nie iets wat blink nie, maar dit brand, dit is 'n ongetemperde vuur.

Broeder en suster, as ons hiermee vandag hier afsluit. Volgende keer en elke hoofstuk hierna sal ons bly besef, God se barmhartigheid is wonderlik groot, dit is ver bo die skittering van alle juwele wat daar kan wees, maar God se geregtigheid is 'n verterende vuur. Dit was waarvoor Jesus sy lewe gegee het. Homself vir God se geregtigheid gegee dat ons die barmhartigheid kon beërwe. Moet hiermee nie speel nie. Hier wag 'n boek van 48 hoofstukke verder waarin ons elke keer met die geregtigheid en met die barmhartigheid van God gelyk gekonfronteer staan, ons liggame sal ook in hierin verdeeld mag lyk. Dit sny jou eintlik in twee, maar vir wie dit nie sny nie, vir so een sal dit 'n duistere verhaal bly, dit wat die Evangelie vir ons beteken.

AMEN